Babagim & die relevansie in my beroep
-Spraak-taalterapie en Oudiologie-

Ek gebruik hoofsaaklik van die masserings-beginsels in my beroep.

Spraakterapie & Oudiologie:

- Al my *onvlot-kliënte* (persone wat hakkel) stel ek voor en demonstreer om hul **kuite te strek** voor veral ‘n moeilike spraaksituasie soos bv. ‘n mondeling of hardop lees voor mense. Verder demonstreer ek ook die Mind-Moves beweging – **Vagus stimulasie** ten einde hulle rustiger te maak – want indien hulle rustiger is is die spraak ook baie meer vlot en “gemaklik”. Interessant: ‘n mens se stembande is direk verbind met mens se limbiese stelsel (die area in die brein wat te doen het met ons emosies), dus indien mens rustiger is, dan is die hakkel se voorkoms merkbaar minder.
- Ek laat al my kliënte (meestal kinders) wat terapie ontvang ten einde hul luistervaardighede of ouditiewe prosesserings vaardighede te verbeter hulle ore vryf voor die terapie sessie begin.
- Ek moedig ook my volwassenes aan wat my besoek met gehoor-uitdagings om hul ore te vryf.
- Na afloop van die Kongres maak ek meer gebruik van verwysings na Kiropraktisyns vir veral kliënte met kroniese otitis media (middel-oor ontsteking) asook my kliënte met sensories-neurale gehoorverliese (gehoorverlies a.g.v. skade aan die gehoor-senuwee). Gehoorverlies is baie subjektief aangesien almal se persepsie van verskillende klanke so uiteenloopend is (ek wens baie male ek kan net in die persoon se oor inklim, om te hoor presies hoe elke klank vir elke individu klink asook watter emosionele konnotasie elke klank vir die individu het). Hierby sluit BabaGim se proses van leer so mooi aan: die limbiese stelsel is so belangrik by leer!
- Ek het deur BabaGim net weer besef hoe belangrik al die sintuie se optimale stimulasie is tydens vroeë kinder-ontwikkeling, aangesien ek weet hoe belangrik dit is om al die sintuie so ver moontlik te betrek by ‘n leersituasie.
- Herhaling is seker een van die belangrikste aspekte in my beroep – en BabaGim ondersteun hierdie kritiese aspek: senuweepaadjies word deur herhaling gemaak, en deur herhaling word die paadjies al hoe sterker sodat mens vinniger en meer akkuraat kan reageer op inkomende stimuli!
- Ek verstaan my kliënte se reaksies nou baie beter – altans ek kan hul gedrag in sekere situasies beter interpreter na aanleiding van die BabaGim kursus: Triune-brein model is uiters fasinerend! Baie male is dit so moelik om ‘n gehoorapparaat te verkoop aan iemand wat regtig daarby sal baat vind – maar ek het na ‘n jaar van my eie praktyk agtergekom dat baie individue met gehoorverlies kom vir ‘n gehoortoets en gepas word met demonstrasie gehoorapprate en dan besluit weens verskeie redes dat hulle “nog nie reg is vir die gehoorapprate nie” en dat die “gehoorapparate nie regtig help nie”… Hulle kom meestal dan na enige iets van ‘n paar maande tot ‘n jaar daarna terug en koop dan die apparate – met die verloop van tyd kon hulle nugter en logies dink oor hul gehoorverlies en die beperkings wat daarmee gepaard gaan sonder versterking (hoogste vlak van breinfunksionering volgends die model). Hulle het almal meestal na die gehoortoets resultate in ‘n “beskermings” reaksie gegaan (of die oorlewings-gedeelte of die emosionele-gedeelte van die

www.babygym.co.za

brein volgens die model) en moes hulle eers deur al die stadiums van erkenning en aanvaarding beweeg om objektief en rasioneel daaroor te redeneer!

BabaGim in geheel beteken dus daagliks in my beroep vir my baie – ek pas veral aspekte van die massering toe op terapie kliënte wat daarby kan baatvind. Maar belangriker nog die areas in BabaGim wat met suig, spraak, taal of gehoor te make het werk regtig, dit is die beginsels wat ek geleer het en self toepas – dus kan ek vanuit ‘n professionele oogpunt saamstem met al die teorie rakende die genoemde areas dat dit wel korrek is. Ek het ook deur die mens se brein bietjie beter te verstaan (Triune-brein model), my begrip van my kliënte verbeter sodat ek met meer begrip hulle besluite kan respekteer en sodoende ‘n beter professionele diens in die geheel te lewer!

www.babygym.co.za